

## Tel my op

Oorspronklike titel: Til mij op

Teks en musiek: Marcel Zimmer

Afrikaanse vertaling: Faani Engelbrecht

© 1999 Celmar Music

Ek wil naby aan U wees,  
soos 'n kind op die vader se skoot.  
Ek wil naby aan U wees,  
dit is die plek waar ek hoor.

*Tel my op, neem my in U arms.  
Tel my op, druk my styf teenaan U vas.  
Tel my op, dra my in U arms.  
Tel my op en laat my nooit weer gaan.*

Ek wil naby aan U wees,  
soos 'n kind op die vader se skoot.  
Ek wil naby aan U wees,  
dit is die plek waar ek hoor.

*Tel my op, neem my in U arms.  
Tel my op, druk my styf teenaan U vas.  
Tel my op, dra my in U arms.  
Tel my op en laat my nooit weer gaan.*

Dra my deur die diepe water,  
waar ek self nie meer kan staan.  
In U arms is ek veilig,  
wanneer U my dra as ek nie verder kan gaan.

Ek mag naby aan U bly,  
soos 'n kind op die vader se skoot.  
Ek mag naby aan U bly,  
dit is die plek waar ek hoor.

En U tel my op, neem my in U arms.  
En U tel my op, druk my styf teenaan U vas.  
En U tel my op, dra my in U arms.  
En U tel my op en laat my nooit weer gaan.